

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

Ds. PJ Kriel

10.07.2022

Inhoud Hierdie preek wys wie die wettelose mens is en hoe hy homself binne die gemeenskap met sy goddeloosheid en wetteloosheid laat geld. Dit wys ook hoe die valse kerk die dienaar van die wettelose mens is. Christus laat deur sy krag ons geloofsgehoorsaamheid groei binne 'n wettelose gemeenskap omdat ons God dien uit liefde en nie uit die verwagting van beloning vir goeie dade of die vrees vir oortredings nie. Waar wetteloosheid die ywer vir en vrees vir God laat verdwyn, dien gelowiges God nog steeds in geloofsgehoorsaamheid.

Skriflesing 2 Thessalonisense 1: 1 – 2: 12, 16, 17; 1 Thess. 1: 2,3.

Teks 2 Thess. 1: 11 b “en dat deur sy krag al julle goeie begeertes en geloofsdade ten volle sal verwesenlik.”

Tema Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

1. Paulus kondig die evangelie in hierdie brief só aan: “in hierdie tyd sal die Here deur sy krag ons goeie begeertes en geloofsdade ten volle verwesenlik”. In watter tyd? In hierdie tyd waarin die wetteloosheid reeds in die geheim aan die werk is maar ten volle geopenbaar gaan word volgens 2:7.

Ons self leef al nou meer in 'n tyd waarin die wetteloosheid wat in die geheim aan die werk was, nou al meer openlik bekend word, net soos Paulus dit vir die gelowiges in die Griekse stad Tessalonisense verwoord. Daarom kan ons in hierdie deel van die Woord van die Here vir ons self duidelikheid kry oor wat ons eis omstandighede is en wat God met ons in ons besondere omstandighede gaan doen.

Die besondere tyd wat Paulus hier uitwys is – die tyd waarin die wettelose mens openlik bekend word in die gemeenskap. Wat God met ons in hierdie tyd gaan doen, is om ons goeie begeertes en geloofsdade ten volle te verwesenlik deur sy krag as God.

2. Wie is die wettelose mens?

Hierdie tipe mens is herkenbaar aan sy teenstand teen God en God se wet, aan hoe hy homself bokant God en enige aanbidding van God verhef en hoe hy in die plek waar God aanbid word indring en in hierdie plek van aanbidding homself voordoens as die een wat aanbid moet word.

Paulus gryp nie hierdie beskrywing sommerk uit die lug nie. Dit het in die tempel in Jerusalem in die jaar 148 v.C regtig gebeur. Die Siriese vors Antiochus Epifanus het toe 'n beeld van en altaar vir die afgod Zeus in die tempel in Jerusalem opgerig. So sou die Jode dan waar hulle God kom aanbid het, 'n afgod moes aanbid het.

Dit was in die jaar 40 n.C. weer op pad om te gebeur. Die Romeinse keiser Caligula het homself as god laat aanspreek, die gode in die Romeinse ryk se koppe met sy eie kop vervang en wou 'n beeld van homself in die Joodse tempel oprig waar die Jode hom dan as god moes vereer in hulle tempeldiens. Dit was net so tien jaar voor Paulus hierdie beskrywing van die wettelose mens in hierdie brief gee. Dit is so 6 jaar na Paulus tot geloof gekom het en in sy geboorte dorp Tarsus was. Hy en die

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

hele Joodse en Christelike gemeenskap was deeglik bewus van hierdie beplande optrede deur die Romeinse keiser Gajus.

Die wettelose mens is die mens wie teen God is, teen God se wet is, homself verhef bokant god en homself die eer en aanbidding toeëien wat net God toekom – binne die aanbidding van die kerk.

3. Die wettelose mens ken net een wet, sy eie.

Sy wil, sy sondige begeertes, sy losbandigheid, sy brutaliteit, sy grypsug, sy heerssug en eie goddelikheid is vir almal wat hy aan homself met mag onderwerp – die wet van die land.

Paulus wys op die verskil tussen die wettelose se wetteloosheid wat eers in die geheim aan die werk is en dan na 'n ruk openlik bekend word. Hierdie heimlikheid gaan oor die skyn van wet en orde waarmee die wettelose sy sondige begeertes bedryf.

Hy is nie eers openlik goddelik en wetteloos nie, maar verhef met landswette homself bokant die aanspreeklikheid en verantwoordbaarheid teenoor God. Hy maak die land se wet en orde 'n sekulêre land met 'n sekulêre wet en sekulêre orde.

So is sy wetteloosheid in die geheim aan die werk – om met die wet en orde van 'n land 'n goddelose gemeenskap te skep. En daarna kom die werklikheid eers openlik na vore – om die eer, lof, dank en aanbidding wat God toekom, die eer, lof, dank en aanbidding van die mens self te maak.

Eers verhewe bokant God en dan openlik goddelike in die plek van God! Eers deur die wet en orde van 'n land en dan met totale wetteloosheid.

4. Hierdie wetteloosheid van die wettelose mens gaan oor die vernietiging van enige aanspreeklikheid en verantwoording van die mens teenoor God.

In die magsbeeld van die wettelose mens is daar geen mens en geen God wat van hom kan of mag rekenskap eis nie. Nie vandag nie en ook nie in die toekoms nie. Bokant God verhewe en self goddelik beteken die mens is teenoor niks en niemand aanspreeklik nie en daar is en kan nooit iets soos 'n dag van rekenskap wees nie, nie van mense nie en ook nie van God nie.

Daarom stel Paulus teenoor hierdie waanbeeld van 'n mens wat sy eie god en sy eie wet is, verhewe bokant enige aanspreeklikheid, direk teenoor die wederkoms van Christus!

Met die wederkoms van Christus sal sal die Here Jesus self as God wraak uitoefen op die wettelose mens en hom vernietig. Die wettelose mens sal gestraf word met die ewige vernietiging weg van die aangesig van die Here en sy magtige heerlikheid.

Dit is die misgissing van die wettelose mens – daar is geen oordeelsdag waarin hy tot verantwoording gebring sal word volgens God se wet nie. En omdat daar geen

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

oordeelsdag is nie, is die wettelose mens sy eie wet! Sy losbandigheid, sy grypsug, sy moord en geweld – is die wet van die land!

5. Die verrassing in Paulus se uitwys van die koms van die wettelose mens, is dat dit met 'n baie kragdadige geestelikheid gepaard sal gaan.

Met 'n godsdienstige magsvertoon, met geestelike tekens en geestelike wonders

Hoe is Putin besig om sy moord, grypsug, losbandigheid en die sedeloosheid van sy magte op die grond deur te voer? Met die geestelike magsvertoon van die Griekse Ortodokse Kerk se priesters wat met geestelike tekens en die beroep op die wonderbaarlike krag van God Putin se goddeloosheid met aanbidding in eredienste te vier!

'n Geestelikheid wat hierdie moord, plunder roof en verkragting vier as aanbidding, met die eer, lof en verheerliking van God!

Dit is die werking van Satan – die valse kerk waarin God vir die wettelose geëer, gedank, geloof en aanbid word.

En dit is die werklike aard van die verdrukking van die kerk se geloof in die Here Jesus Christus en sy vervolging – die gelowiges word onderwerp aan die wettelose mens se magsdrif en terselfdertyd deur die geestelikheid van die wêreld voorgehou as mense wie God nie eer en dank nie.

6. Dit is die aard van die verdrukking en vervolging wat ons vandag ook in ons eie land as gelowiges moet verduur – die onderwerping aan die wettelose mens se mag!

Openlik wetteloos en goddeloos! Ek gaan vir u 'n paar voorbeelde noem.

Die NG Kerk in Gauteng se lisensie om welsynswerk te doen, om kindersorg te gee vir mishandelde en gemolesteerde kinders, is deur die regering weggeneem. 800 Kindersorg sake wat deur die hof moes gaan is gestaak en aan di regering oorhandig wat nie die werk gaan doen nie. Hoe so? Die ouers wat kinders gemolesteer en mishandel het wat veg teen die wegneem van hul kinders het in die regering 'n bondgenoot gekry om geld te staak vir hierdie werk. Geld wat of reeds geplunder is of wat vir politieke doelwitte geplunder word. Openlik en brutaal en teen die reg word dit gedoen.

Die huidige krag tekort is sabotasie. Dit is 'n onwettige staking van noodsaaklike dienste met die doel om chaos te skep om die president wat mense toerekeningsvatbaar probeer maak te onthef. Die wat hierdie staking van kragvoorsiening reël gaan nou weer landswyd staak omdat daar nie krag is nie – waarvoor hulle verantwoordelik is. Só probeer die wettelose mens die toepassing van wet en orde finaal wegneem sodat hulle openlik, bokant die wet verhewe hul grypsug en plundering kan laat seëvier.

Losbandigheid moet in die erediens van die kerk as godsdiens gevier word – in die eredienste van die kerk deur die aanbidding van God moet die losbandigheid van

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

homoseksualiteit, biseksualiteit, trans-seksualiteit en enige seksuele perversie as ware gender-liefde deur God gevier word.

Ons leef nou in 'n tydperk van die openlike magsvertoon wat die Bybel openbaar a die wettelose mens. Eers was grypsug en plundering magsvergryp binne die wet van die land en orde bedryf as “menseregte” deur 'n nuwe staatsorde onder God. Dit was die wettelose mens wat toe in die geheim, verskuil binne die wet en orde van die land, sy krag uitgeoefen het. Nou egter is die wettelose mens besig om die wet en orde wat hom inperk in sy absolute mag waarin hy alles en almal aan sy drifte wil onderwerp, besig om openlik wetteloos te raak.

En wat doen die kerk? Eers het hulle die heimlike drif van die wettelose mens as “versoening” geregverdig maar nou word God openlik verwerp en God wat kom om weer te oordeel uit die kerk en gemeenskap as 'n leuen weggepraat. Bevry van die wet en orde van die land en God se oordeelsdag – is die wettelose besig om sy wetteloosheid en goddeloosheid die nuwe wet en orde vir die gemeenskap en kerk te maak.

7. Paulus kondig nie die werking en openbare verskyning van die wettelose mens aan as 'n skrikbeeld om gelowiges mee bang te maak nie. Dit het al 'n staande mode in Christelike Kerke geword om gelowiges met skrikbeelde oor rampe, oorloë, siektes en hongersnood te angsbevange te maak om hulle tot bekering te dwing en dan teen wetteloses en goddeloses op te rui tot 'n heilige stryd, geveg en oorlog. Paulus skep nie skrikbeelde waarmee hy die kerk laat vries, vlug en laat veg nie.

Die werking en verskyning van die wettelose mens is nie 'n skrikbeeld nie, maar die werklikheid waarin die gelowiges in Thessalonika toe en ons nou leef: die wettelose mens bedryf eers sy sonde deur die wet en orde van die land tot hy so eiemagtig is dat hy sy wetteloosheid die orde van die land maak.

Paulus kondig aan dat die tyd van die wettelose mens is die tyd waarin Jesus Christus gelowiges se geloofsdade ten volle sal verwesenlik deur sy krag. Dit is nie 'n tyd van verskrikking nie. Inteendeel, in die tyd van die wettelose mens groei die geloof van gelowiges uitermatig en neem hulle liefde net toe. Die benaming “geloofsdade” is baie spesifiek. Dit is volgens die Grieks “werke van geloof”. Dit is die hoofsaak binne die 2 briewe aan Tessalonisense: geloof, hoop en liefde – die werke van geloof, die inspanning van liefde en die volharding in hoop. (1 Thes. 1: 2, 1983)

Geloofsdade, werke van geloof is totaal iets anders as die sentimentele en desperate slagspreuke in wanhoop van “glo net”, “hou net aan glo” en “liefde sal al die swaarkry verander.” Geloofsdade of werke van die geloof is wat Paulus in Rom. 1: 5 en 16: 26 as die hoofsaak van die boek Romeine aankondig.

Geloofsgehoorsaamheid, werke van geloof, is presies die teenoorgestelde as “werke van die wet” of “wetsonderhouding”. Geloofsdade is werke binne en uit die liefde waarin die Here ons laat leef. Werke van die wet is daad wat beloning soek vir goeie werke en straf vermy vir slegte daad. In die chaos van die wettelose mens se mag groei geloofsdade maar verval wetsonderhouding.

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

8. Geloofsgehoorsaamheid is gehoorsaamheid aan die gebooie van God, nie mense nie. Dit is gehoorsaamheid omdat God my en my lewe vir Hom reg laat wees deur Jesus Christus ten spyte van my sondige neigings en dade. Gelowiges is nooit besig met wetsonderhouding – onderhouding van die wet om beloon te word en nie gestraf te word nie.

In hulle gewone lewe en werk is gelowiges elke dag besig met geloofsgehoorsaamheid. In God se liefde vir hulle en hulle liefde vir God, het hulle eerbied vir gesag, leef hulle gemeensaam met die samelewing, meelewend in die lewe, eg in god se skepping en diensbaar is arbeid.

Hoe? Deur die krag van Jesus Christus wat hulle en hulle lewe altyd vir God reg laat wees in hulle vereniging met Christus – my sondes is syne en sy gehoorsaamheid is myne. Hulle gehoorsaamheid is gemotiveer in en uit liefde vir God.

Hoe leef Christene in 'n tyd waarin wet en orde verval? Hulle leef soos hulle altyd leef – in en uit geloofsgehoorsaamheid. Hulle vind nooit hulle krag vir die onderhouding van die wet in die beloning van die wet of die vrees vir die straf van die wet nie. Uit hulle geloof in Christus bly hulle tot die gehoorsaamheid aan God se wet verbind in die chaos van wetteloosheid en die wanorde van die wettelose mens.

Hulle wat aan God en mense verbind is met die werke van die wet, raak afvallig omdat hulle onderhouding van die wet nie meer beloon word en hul oortredings nie meer gestraf word nie. Hulle begin glo in die mag van die wettelose mens en so maak hulle sedeloosheid hulle geestelike mag. In dieselfde tyd groei die geloof van Christene uitermatig en neem hulle liefde toe – want hulle leef nie uit die krag van die wet nie. (2 Thes. 1: 3)

9. Wat is die misgissing van die wettelose mens?

Die grootste misgissing van die wettelose mens is dat Jesus Christus nie weer gaan kom nie. Dit is die krag en geloof waarin hulle hul sonde die wetteloosheid en wanorde van dig gemeenskap maak, deur die wet van die owerheid of met vernietiging van die wet van die owerheid. Hulle leef in die wangelooft dat hulle nooit teenoor God hoef of sal rekenskap gee nie. Dit is hoekom hulle hulself eers bo God verhef en dan self as God sien – want dan is daar geen God wat rekenskap gaan eis nie.

En dit is die geestelikheid van die valse kerk – om 'n Christus te preek wat nie weer sal kom nie en waar daar geen oordeelsdag sal wees nie.

Christene leef in die vaste sekerheid dat Christus gekom het en weer sal kom. Christus het gekom om ons deur sy lyding en opstanding vir God se liefde te heilig. Hy sal weer kom om met die wettelose mens met 'n oordeelsdag af te reken.

Daarom leef ons ook in die vaste sekerheid dat die wettelose mens ons nooit aan hulle mag kan onderwerp en ons inbreek in en deur hulle wetteloosheid nie. Ons leef nie teenoor God met die verwagting van beloning vir wetsonderhouding of die vrees vir straf vir wetsverbreking nie. Daarom kan wetteloosheid ons nie moedeloos in ons

Christus verwesenlik ons geloofsdade binne 'n wettelose gemeenskap

verwagtings maak nie omdat ons nie beloon word nie en nog minder kan ons ons ontsag vir God verloor omdat wetteloosheid nie gestraf word in die gemeenskap nie.

Ons leef uit ons geloof in God se liefde – geloofsgehoorsaam - en so is ons verbind om God se wet te onderhou in die tyd van wettelose mense. Daarom groei ons geloof in 'n tyd van wetteloosheid en word ons liefde meer – want die Here regeer ons deur sy Gees.

Dit is ons vaste sekerheid dat vir die wettelose mens is die koms van Christus die oordeelsdag terwyl dit ons dag van verheerliking gaan wees.